Goeiedag Bossie-ouers

Ons het toestemming by die bevelvoerder van SAP gekry om Woensdag, 13 Mei 2020 die Grondslagfase (Graad RR - 3) se boeke uit te deel sodat hulle met nuwe werk kan begin. Ons het egter u hulp nodig en veral u samewerking in die verband nodig. Daar is ook streng reëls wat ons moet volg aangesien die polisie self teenwoordig gaan wees.

1. Geen ouers/leerders word op die skoolterrein toegelaat nie en u mag dus nie na die klaskamers of administratiewe geboue gaan nie aangesien die skool gesluit is.
2. Alle onderwysers sal ‘n masker dra en sy/haar temperatuur sal gemeet en aangeteken word. Persoon(e) in voertuie moet ook maskers dra.
3. Die boeke sal op die parkeerterrein tussen die kerk en die skool uitgedeel word.
    * **Voertuie ry in** by die hek naaste aan die kerk.
    * **Voertuie ry uit** by die hek naaste aan die skool.
    * Geen voertuig mag parkeer op die terrein en persone uitklim nie. **GEEN** ouer kan enige sake met ‘n onderwyser bespreek nie!
    * Slegs 5 voertuie op ‘n slag word ingelaat. Wees dus asseblief geduldig.
4. Die boeke sal alleenlik in volgende tydgleuwe uitgedeel word:
    - **08:30 - 09:30** **Graad RR deel boeke** uit
      Graad RR gebruik hul eie hek vir die uitdeel van boeke
    - **09:30 - 10:30** **Graad R deel boeke uit op parkeerterrein**
    - **11:00 - 12:00** **Graad 1 deel boeke uit op parkeerterrein**
    - **12:30 - 13:30** **Graad 2 deel boeke uit op parkeerterreiin**
    - **14:00 - 15:00** **Graad 3 deel boeke uit op parkeerterrein**
5. GEEN boeke van enige graad sal in ander tydgleuf uitgedeel kan word nie, aangesien daar streng gehou gaan word by die Graadgroeptye. Ons sal u dus nie kan help indien u te laat of te vroeg is nie. Indien u kinders in verskillende grade het, moet u dus in die spesifieke grade se tydgleuf kom.

Dankie dat u verstaan dat ons graag by die wette en voorgeskrewe reëls moet hou. Baie dankie dat jy bereid is om met hierdie reuse poging van hulp te wees!